Vrystaat

Bygedra deur Germa Wright

Regbank

Die volgende lede het tydens die derde termyn vir wisselende tydperke waargeneem op die Vrystaatse regbank: Hans de Bruin SC, Majellie Wessels SC, Willem Olivier SC, Hokkie Schreuder en Corné van Zyl.

Ons onthou ...

Regter Dirk Kotze

Regter Dirk Kotze van die Vrystaatse Provinsiale Afdeling is op 14 September aan kanker oorlede. Daar is van hom afskeid geneem by wyse van 'n huldeblyk wat in die mosiehof deur waarnemende regter-president JP Malherbe gelewer is. Verskeie regslui was teenwoordig waaronder die waarnemende hoofregter, HJO van Heerden, en die waarnemende adjunk-hoofregter, regter JJF Hefer, sowel as verskeie oudregters. Die Vrystaatse regbank was voltallig, met die uitsondering van twee regters wat op Rondgaande Hof diens gedoen het. In die woorde van regter Malherbe, was "die teenwoordigheid van soveel gesiene regslui ... 'n aanduiding van die hoë agting wat Regter Kotze geniet het".

Dirk Albertus Kotze is op 21 Februarie 1938 te Upington in die Noord-Kaap gebore. Nadat hy in 1955 aan die Hoërskool Sentraal te Bloemfontein gematrikuleer het, begin hy as aandstudent in die regte studeer aan die Vrystaatse Universiteit. Bedags het hy as regtersklerk gewerk vir wyle regter HWO Klopper, die latere regter-president van die Vrystaat.

Hy voltooi sy LLB-studies aan die einde van 1961, waarna hy aan die begin van 1962 as lid van die Vrystaatse Balie begin praktiseer. In 1976 verwerf hy senior status op die ouderdom van 38 jaar. Gedurende 1977 en 1978 neem hy verskeie termyne as regter waar op die Vrystaatse regbank. Vanaf 1 Julie 1980 neem hy aaneenlopend waar totdat hy op 11 Oktober 1982 permanent aangestel is.

Regter Kotze het bekendheid verwerf as voorsittende beampte in die geregtelike doodsondersoeke na die Merriespruit-modderramp en die Rovic-mynramp. Behalwe vir sy regswerk het hy vir 'n tydperk gedien as lid van die Raad van die Vrystaatse Universiteit waarvan twee termyne as voorsitter. Hy was lief vir die natuur en het baie van sy vrye tyd deurgebring met sy Amerikaanse saalperde. Hy het ook in saalperdkringe bekendheid verwerf as teler, afrigter en deelnemer.

Ons het met leedwese afskeid geneem van regter Kotze. Hy was, in die woorde van regter Malherbe "in baie opsigte *sui generis*."

Pretoria

Bygedra deur Henk Havenga

Geassosieerde lede

Die Pretoria Balie is trots daarop om geassosieerde lede in Potchefstroom, Vereeniging, Pietersburg, Louis Trichardt en in Nelspruit te hê. Daar is ook etlike geassosieerde lede in Pretoria self. Die mees onlangse toevoeging tot hierdie lys is Pieter Carstens, vir etlike jare 'n voltydse lid van hierdie Balie. Hy het sedert Januarie 2000 'n professoraat by Tukkies aanvaar in die Departement Publiekreg nadat hy verlede jaar sy doktorsgraad in geregtelike geneeskunde voltooi het. Ten spyte van sy besige program kry hy nog van tyd tot tyd kans om as geassosieerde lid by litigasie betrokke te raak. Hy is 'n voorstander van gereelde kontak en wisselwerking tussen die akademie en die praktyk en hy is ook 'n gesogte spreker by interdissiplinêre konferensies veral in geregtelike geneeskunde. As deel van 'n internasionale uitruilingsprogram gaan hy gedurende 2001 vir etlike maande by die Universiteit van Chicago doseer.

Bedankings

Die volgende lede het die afgelope kwartaal bedank:

E Theron, GC Lubbe, G Visagie, D Marais en S Chettiar. Gené Visagie en haar man verhuis binnekort na Boston, Amerika, waar hy in die afsienbare toekoms werksaam sal wees. Gené beplan om haar tyd in Amerika onder meer met verdere studies te verwyl, maar ons sien daarna uit om haar weer mettertyd by die Pretoria Balie te verwelkom. De Wet Marais verlaat ook nie die praktyk nie, en gaan as geassosieerde lid van die Kaapse Balie vanaf 1 November 2000 in George praktiseer. Ons verlies is die Kaap se wins. Ons wens hierdie kollegas sterkte toe.

New members

FAA Saint (Feisal) joined our ranks on 1 July 2000.

Social

The annual bar dinner, which was held on 15 September 2000 at the Pretoria Country Club, was as usual a huge success. The accompanying photo taken at this occasion shows that some of our members are more elegant than others (the member posing in front was included to illustrate the point).

Waarnemende aanstellings

Die volgende lede van hierdie Balie het gedurende die afgelope termyn waargeneem as regters:

RD Claassen SC, GL Grobler SC, NJ Coetzee SC, LI Vorster SC, FG Preller SC, PJ du Plessis SC, FH Terblanche SC, FJ Jooste SC, E Jordaan SC, JJ Goodey SC, DS Fourie SC

Johannesburg

New Bar Council

The following members have been elected to the 2000/2001 Bar Council during the election held in October 2000:

W H G van der Linde SC (chairman), AP Joubert SC (vice-chairman), G Pretorius SC, A Subel SC, (Ms) S Weiner SC, H Epstein SC, MSM Brassey SC, W Vermeulen SC, P Pauw, C Lamont, (Ms) K Green, T Bruinders, (Ms) F Dippenaar, (Ms) H Constantinides, (Ms) M Victor, P Mtshaulana.